**14 Maart**

**Skrifgedeelte: Eksodus 19:1-8**
**Fokusgedeelte: Eksodus 19:4-6**

## Verlos om ’n koninkryk van priesters te wees

Sinai staan uit as ’n hoogtepunt in die geskiedenis van die HERE se liefde vir al sy kinders, beide in die bedeling van die Ou en die Nuwe Testament. Die oomblik is voorberei vir die kinders van die Lewende en Lewegewende God, om sy Wet te ontvang. Van hierdie wet sê Jesus self dat Hy nie gekom het om dit ongeldig te maak nie, maar om die wet sy volle betekenis te laat kry (Matt. 5:17).

In voorbereiding tot die verstaan en naleef van die wet, gebruik die HERE ’n beeld wat die volk daar rondom die berg goed sou verstaan. Hy gebruik die beeld van ’n arend met sy kleintjies (lees ook Deut. 32:11, 12). Wanneer een van die (gewoonlik) twee kleintjies groot genoeg geword het om te leer vlieg, doen die arend iets wat dalk vir mense soos ons, wat sorgsaam na ons kinders omsien, wreed lyk. Die arend, wat sy nes hoog teen ’n loodregte krans maak, skop sy kleintjie uit die nes. Vlieglesse vir arendkleintjies is nie ’n langsame proses nie! Terwyl die kleintjie dan die diepte van die krans aftuimel en spartel met sy ongeoefende vlerke, sweef die arend binne bereik. Op die regte oomblik swiep sy onder die kleintjie in, voordat hy hom te pletter val, en neem hom terug na die nes, gereed vir die volgende les.

Die HERE het sy volk ook so oënskynlik harteloos behandel. Die volk moes die woestyn in, sonder kos en water. Hulle moes leer om Hom onvoorwaardelik te vertrou. En hoe het Hy nie voorsien nie! Vir 40 jaar lank was daar kos, water op die regte tyd, selfs hulle skoene het nie deurgeloop nie en hulle klere het nie verslyt nie (Deut. 8)! Die HERE het hulle waarlik na Hom toe gebring, waar Hy hulle kon koester en versorg op so ’n manier dat hulle nooit kon twyfel oor sy beloftes en genade nie. Nou, op die vooraand van die gee van die wet, maak Hy sy bedoeling met hulle baie duidelik: Hy eis van hulle om ’n koninkryk van priesters, ’n gewyde nasie te wees.

Dit sal hulle alleen kan wees deur gehoorsaamheid en toewyding aan sy wet! Die wet, op sy beurt, is weer die tugmeester na Christus toe (Gal. 3:24). Die eis van die wet is steeds dieselfde al die jare, naamlik om God bo alles lief te hê, en ons naaste soos onsself.

Wanneer ons elkeen op ons lewe terugkyk, lyk dit asof ons soms moes worstel om te leer vlieg, of onse HERE ons wreed en harteloos behandel het. In Christus was Hy egter altyd by ons, altyd daar vir ons! Immanuel! Christus het die wet vir ons vervul, sodat ons nie meer onder die wet geoordeel sal word nie. As God se koninkryk van priesters moet ons onsself daagliks offer, aan Hom toewy, heilig lewe tot sy eer (Rom. 12:1) Hoe groter ons dankbaarheid vir die genade in Christus, hoe groter ons toewyding!

*Sing: Psalm 73:10, 12 (1936)*

*Ds. LSD du Plessis (Groblersdal)*